



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

2019

LIMPOPO

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 120

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 18 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP:**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepeenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/ EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING- vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by **meervoudigekeuse-vrae**.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	<ul style="list-style-type: none"> • (In) 1932 • (In) Negentien twee en dertig (Enige EEN) 	1
1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Sangeres/Sy het gesing. • Aktrise/Sy het in rolprente opgetree. • Sy het vir mense omgegee. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
1.3	<ul style="list-style-type: none"> • C • goed was vir die mense van Afrika en vir die beeld van Afrika. • C goed was vir die mense van Afrika en vir die beeld van Afrika. (Enige EEN) 	1
1.4	"Daardie jare was baie Suid-Afrikaners brandarm." (Kandidaat word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.)	1
1.5	<ul style="list-style-type: none"> • (Sy het) onwettig bier gemaak/verkoop. • Sy het 'n sjebien bedryf. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.6	Sy was 18 dae oud/'n pap baba toe sy saam met haar ma tronk toe moes gaan. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.7	(Haar) ouma	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> • Kwêla • Marabi • Afrika-jazz • Orkesmusiek (Enige EEN) 	1
1.9	<ul style="list-style-type: none"> • Alle rasse kon daar (in vrede) saambly. • Op ander plekke in SA kon mense van verskillende rasse nie soos in Sophiatown saambly nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.10	Miriam het eers (saam met haar ma) huise skoongemaak. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.11.1	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... Cuban Brothers • B Cuban Brothers (Enige EEN) 	1

1.11.2	<ul style="list-style-type: none"> • D • ... Manhattan Brothers • D Manhattan Brothers (Enige EEN) 	1
1.11.3	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... Come back Africa • E Come back Africa (Enige EEN) 	1
1.11.4	<ul style="list-style-type: none"> • C • ... King Kong • C King Kong (Enige EEN) 	1
1.12	<ul style="list-style-type: none"> • Baie vroue wou soos sy lyk. • Baie vroue wou/het haar haarstyl na(ge)boots. • Baie vroue wou/het hul hare soos sy (ge)dra. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.13	anders	1
1.14	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het oorsee getoer. • Sy het in buitelandse/Amerikaanse flieks gespeel. • Sy het 'n toekenning in Venesië ontvang. • Sy is na 'n optrede in Italië oorlede. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.15	<ul style="list-style-type: none"> • Sy en Hugh Masekela is geskei. • Sy het 'n ongelukkige/onsuksesvolle huwelik gehad. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.16	"iemand wat vir mense omgee het" (Kandidaat word nie gepeenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.)	1
1.17.1	hart(aanval)	1
1.17.2	Italië	1
1.18	Miriam se lewe het baie moeilik begin/verlede was moeilik, maar sy het tog 'n sukses van haar lewe gemaak. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.19	Nelson Mandela en Miriam Makeba kon mense inspireer/hoop gee. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1

TEKS B: VISUELE TEKS

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.20	<i>7de Laan</i>	1
1.21	(Dis 'n) fliek	1
1.22	vroeër	1
1.23	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Sjef maak/werk met kos. • 'n Sjef wat kosmaak, dra gewoonlik so 'n hoed. • Die prent dui aan waarom die program handel. • Die prent verduidelik die titel van die program. (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>) 	1
1.24	<ul style="list-style-type: none"> • A • gemaak is. • A gemaak is. (<i>Enige EEN</i>) 	1
1.25	<ul style="list-style-type: none"> • Nuus (Xitsonga/Tshivenda) • Die nuus in Xitsonga en Tshivenda (<i>Enige EEN</i>) 	1
TOTAAL AFDELING A:		30

AFDELING B: OPSOMMING

NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
 - 3 punte vir taal
 - Puntetotaal: 10
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:** (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:** (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
 - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
 - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

LET WEL:

- **Tel van woorde:**
 - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
 - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
 - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees tot aan die einde van daardie sin en ignoreer die res van die opsomming.
 - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie geenaliseer word nie.

VRAAG 2: WAAROM DIT GOED VIR JOU IS OM AAN SPORT DEEL TE NEEM

[Verwerk uit www.MMA-TX.Org]

	TEKS	VERWAGTE ANTWOORD
1.	As jy aan sport deelneem, voel jy gewoonlik gesonder .	Sport hou jou gesond.
2.	Fisiese aktiwiteite kan help as jy met jou gewig sukkel.	Jy sal nie met jou gewig sukkel nie./ Sport help jou om jou gewig te beheer.
3.	As jy aan sport deelneem, kan jy daarop staatmaak dat jy beter breinkrag sal hê.	Sport verhoog jou breinkrag.
4.	Sport wys jou hoe om in 'n span te kan saamwerk .	Jy leer om saam met ander te werk.
5.	Jy sal nuwe vriende maak as jy aan sport deelneem.	Jy maak nuwe vriende.
6.	Sport sal jou leer om jou tyd beter te bestuur .	Jy sal leer om jou tyd (beter) te bestuur.
7.	Sport is dus goed, want dit leer jou om volgens reëls te leef .	Jy leer om volgens reëls te leef.
	GETAL WOORDE = 202 woorde (± 200 woorde – Disjunktief)	GETAL WOORDE = 49 WOORDE (50–60/65 MAKSIMUM)
		TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

1. Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
 - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	splinternuut	1
3.2	Oefen jy hard?	1
3.3	(die) beste	1
3.4.1	manipulerende	1
3.4.2	<ul style="list-style-type: none"> • jou • jy (Enige EEN)	1
3.5	aktiewe	1
3.6	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is nie 'n vrou/dame/meisie/dogter in die prent nie. • Daar is net 'n man in die prent. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.7	hartjie	1
3.8	vel	1
3.9	vertrou	1
TOTAAL:		10

VRAAG 4: SPOTPRENT

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	as	1
4.2	nie van die haarstyl gaan hou nie	1
4.3	bekommerd	1
4.4	Elton Jantjies is jonk, fiks en 'n rolmodel.	1
4.5	haarkapster	1
4.6	Die haarkapper vra: "Kosie, hoe moet ek jou hare sny?"	1
4.7	goeie maniere het	1
4.8	wat	1
4.9	Kosie se hare word deur die haarkapper gesny .	1
4.10	<ul style="list-style-type: none"> • A • daar kwaai baklei gaan word. • A daar kwaai baklei gaan word. (Enige EEN)	1
TOTAAL:		10

VRAAG 5.1: LEESSTUK

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	jare	1
5.1.2	<ul style="list-style-type: none"> • dr. • Dr. (Enige EEN) 	1
5.1.3	Sy is lief vir kinders; daarom wou sy 'n onderwyseres word. (Enige EEN)	1
5.1.4	<ul style="list-style-type: none"> • hoof/Hoof • skoolhoof/Skoolhoof (Enige EEN) 	1
5.1.5	vakke	1
5.1.6	<ul style="list-style-type: none"> • Ma was die wasgoed./Ek was my hande. (met water of vloeistof skoonmaak) • Al my sokkies is in die was. (wasgoed) • Die kers/bye se was is op die tafel./Ek het was in my ore. (vetterige stof) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
5.1.7	jonger	1
5.1.8	<ul style="list-style-type: none"> • Avril het nie 'n klas gemis nie. • Avril het geen klas gemis nie. (Enige EEN) 	1
5.1.9	<ul style="list-style-type: none"> • Na baie harde werk het sy haar onderwysdiploma ontvang. • Sy het haar onderwysdiploma na baie harde werk ontvang. • Sy het, na baie harde werk, haar onderwysdiploma ontvang. (Enige EEN) 	1
5.1.10	<ul style="list-style-type: none"> • goeie • beter (Enige EEN) 	1
5.1.11	op	1
5.1.12	(Sy het gewys dat harde werk 'n mens kan help) om jou passie te volg.	1
5.1.13	ken	1
5.1.14	klein – kind (Enige sinvolle manier om lettergrepe aan te dui)	1

VRAAG 5.2: PRENT

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.2.1	deurmekaar	1
5.2.2	biblioteek/mediasentrum	1
5.2.3	klere	1
5.2.4	winter	1
5.2.5	<ul style="list-style-type: none">• warm• vuurwarm• stomend (Enige EEN)	1
5.2.6	Die meisie lê <u>elke middag lekker op haar bed.</u>	1
TOTAAL AFDELING C:		40

AFDELING D: LETTERKUNDE**VRAAG 6: BLADSAK – Lucas Malan****VERHAAL A: 'DIE TOWERSAK' – Corlia Fourie**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.1	<ul style="list-style-type: none"> • Die meisie het gedink sy was groot/oud genoeg. • Haar pa het gesê sy mag. • Haar pa het haar geleer om spies te gooi./Die meisie het geglo sy sou haarself kon verdedig. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
6.2.1	Die meisie se ma het die muti-vrou gehelp toe sy oorpyn/hulp nodig gehad het. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
6.2.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die meisie se ma het gehoop die muti-vrou onthou ... <ul style="list-style-type: none"> ○ die guns wat sy haar bewys het. ○ dat sy nie 'n bok wou aanvaar as betaling nie. ○ dat sy niks wou hê nadat sy haar gehelp het nie. • Die meisie se ma het geglo/gehoop dat die muti-vrou haar sou kon raadgee met haar dogter. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.3	<ul style="list-style-type: none"> • Die sakkie het vir haar 'n leeu gegee toe die buffel haar storm. • Die sakkie het vir die meisie krygsmanne gegee. • Die nuwe stories in die sakkie het die meisie uit die tronk gehou. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.4	<ul style="list-style-type: none"> • Die meisie het in die sakkie gekyk. • Die meisie het gedoen wat haar ma gesê het sy nie mag doen nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.5	verwyf(blame)	1
6.6.1	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... was trots op die meisie en het in haar geglo. • B ... was trots op die meisie en het in haar geglo. (Enige EEN) 	1
6.6.2	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... was bekommerd oor die meisie en wou haar veilig hou. • E ... was bekommerd oor die meisie en wou haar veilig hou. (Enige EEN) 	1
6.6.3	<ul style="list-style-type: none"> • D • ... het die meisie vrygelaat om stories te kan vertel. • D ... het die meisie vrygelaat om stories te kan vertel. (Enige EEN) 	1

6.6.4	<ul style="list-style-type: none"> • C • ... was lief vir die meisie en het na haar gaan soek. • C ... was lief vir die meisie en het na haar gaan soek. (Enige EEN) 	1
6.7	<ul style="list-style-type: none"> • C • 'n vergelyking. • C 'n vergelyking. (Enige EEN) 	1
6.8	<ul style="list-style-type: none"> • Die meisie het vir die jongman gewys wat in die sakkie was. • Die towersak het sy krag verloor en kon haar nie meer help nie. • Die krygsmanne het die meisie gevang en as slaaf laat werk. • Die meisie moes stories vertel om uit die moeilikheid te kom. 	1 1 1 1
6.9	<ul style="list-style-type: none"> • B • gelukkiger. • B gelukkiger. (Enige EEN) 	1
6.10	Die jong man het die meisie beïnvloed om te doen wat verkeerd was. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
6.11	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is altyd gevolge vir verkeerde dade. • Jy moenie dat ander jou dwing om te doen wat verkeerd is nie. • Jy moenie moed opgee as dinge verkeerd gaan nie. • Jy moet die beste van jou omstandighede maak. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.12	<ul style="list-style-type: none"> • Die jong man het die meisie gesoek/gekry. • Die jong man was spyt/jammer oor wat hy gedoen/gesê het. • Die meisie was baie bly dat die jong man teruggekome het na haar toe. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
		[20]

EN

VERHAAL B: 'DIE STEM VAN 'N KIND' – Pieter Pieterse

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.13	Zambezi (rivier)	1
6.14	<ul style="list-style-type: none"> Die seun se boodskap/'n boodskap/om deur Molaeledi geroep te word Die groot water (Of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
6.15	<ul style="list-style-type: none"> Hy sou nie meer die boodskapper wees nie. Sy stem sou verander. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.16	So 'n stem moes sterk/helder/suiwer/duidelik wees. (Enige EEN)	1
6.17	<ul style="list-style-type: none"> Hy het begin wonder oor plekke wat nie sy stem kon hoor nie. Hy het begin wonder wat anderkant die rivier was. Hy het begin wonder oor plekke wat hy nog nooit gesien het nie. (Enige EEN of soortgelyk as bogenoemde) 	1
6.18	<ul style="list-style-type: none"> Almal het op die stem van die seun wat boodskappe roep, gewag. Die seun het gewag dat die klank van sy boodskap gaan lê. Morobula het weer aan sy boot begin timmer. Almal het geweet dat daar nie nog 'n boodskap gestuur sou word nie. 	1 1 1 1
6.19	<ul style="list-style-type: none"> Morobula was die enigste persoon wat kon lees. Morobula het die mense se briewe gelees. Morobula het die mense se briewe geskryf. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
6.20.1	<ul style="list-style-type: none"> E ... was hartseer omdat Molaeledi kwaad was. E ... was hartseer omdat Molaeledi kwaad was. (Enige EEN) 	1
6.20.2	<ul style="list-style-type: none"> B ... is deur Molaeledi geroep om 'n boodskap te kom haal. B ... is deur Molaeledi geroep om 'n boodskap te kom haal. (Enige EEN) 	1
6.20.3	<ul style="list-style-type: none"> A ... het besef dat Molaeledi besig was om groot te word. A ... het besef dat Molaeledi besig was om groot te word. (Enige EEN) 	1
6.20.4	<ul style="list-style-type: none"> C ... het besef dat Molaeledi nie besig was om te speel nie. C ... het besef dat Molaeledi nie besig was om te speel nie. (Enige EEN) 	1

6.21	<ul style="list-style-type: none"> • C • baie stadig en versigtig aan sy boot gewerk het. • C baie stadig en versigtig aan sy boot gewerk het. (Enige EEN) 	1
6.22	<ul style="list-style-type: none"> • Morobula het nie kwaad geword nie. • Morobula het hulle nie weggejaag nie. • Morobula het nie met hulle geraas nie. • Morobula het hulle geïgnoreer. (Enige EEN of soortgelyk as bogenoemde) 	1
6.23	<ul style="list-style-type: none"> • Molaeledi het die kinders met die stok verjaag. • Molaeledi het die kinders met die stok geslaan. • Molaeledi het nie deelgeneem aan die kinders se tergerey nie. (Enige EEN of soortgelyk as bogenoemde) 	1
6.24	hart	1
6.25	<ul style="list-style-type: none"> • C • grootword deel van elke mens se lewe is. • C grootword deel van elke mens se lewe is. (Enige EEN) 	1
		[20]

OF

VRAAG 7: PERDEKRAG – Cecilia du Toit

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
7.1.1	(Sy) gemeenskapsdiens/straf	1
7.1.2	'goor' 'sirkus' (Kandidaat word nie gepeenaliseer indien aanhalingstekens weggelaat word nie.)	1
7.1.3	<ul style="list-style-type: none"> • (Hy moes) stalle uithark/skoonmaak. • (Hy moes) vars strooi in die stalle sit. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.2	<ul style="list-style-type: none"> • Lucky het geweier om te gaan kyk. • Lucky het aangegaan om die stalle skoon te maak. • Lucky het gesê dankie, maar nee dankie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.3	<ul style="list-style-type: none"> • Kinders wat in rolstoele is. • Downsindroom-kindere. • Kinders met breinskade/wat in 'n ongeluk was. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
7.4	Lucky het gedink dis net ryk mense se (bedorwe) kinders/'spoilt brats' wat ryskool toe kom. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1

7.5	<p>Hy het geleer dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • dit nie net ryk mense/kinders is wat perdry nie. • gestremde kinders ook perdry. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.6	<ul style="list-style-type: none"> • D • gefrustreerd en ongelukkig by die ryskool is. • D gefrustreerd en ongelukkig by die ryskool is. (Enige EEN) 	1
7.7	<ul style="list-style-type: none"> • Hy was besig op sy foon in plaas van om te werk. • Hy wou nie luister om sy foon weg te sit nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.8	<ul style="list-style-type: none"> • Wilma het net probeer goed doen. • Lucky het die reëls oortree en daarom kon hy nie dink dat Wilma lelik met hom was nie. • Jy mag nie so van ouer mense praat nie./Jy moet ouer mense respekteer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.9.1	<ul style="list-style-type: none"> • D • Wilma het te veel by 'n partytjie gedrink. • D Wilma het te veel by 'n partytjie gedrink. (Enige EEN) 	1
7.9.2	<ul style="list-style-type: none"> • B • Grace het in 'n gat getrap. • B Grace het in 'n gat getrap. (Enige EEN) 	1
7.9.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • Wilma het vir ure by haar perd gelê. • A Wilma het vir ure by haar perd gelê. (Enige EEN) 	1
7.9.4	<ul style="list-style-type: none"> • C • Wilma het die ryskool begin. • C Wilma het die ryskool begin. (Enige EEN) 	1
7.10	<ul style="list-style-type: none"> • Die ryskool het Lucky geleer dat ... <ul style="list-style-type: none"> ○ daar ander mense was wat ook swaarkry/probleme het. ○ al die idees wat hy omtrent ryk mense gehad het, nie waar was nie. ○ hy nie sommer kon sê wat hy wou nie/moes dink voor hy praat. ○ hy die beste van sy omstandighede moes maak. ○ hy baie dinge het om voor dankbaar te wees. • Lucky het geleer om dissipline te aanvaar. • Lucky se aggressiewe/ongeduldige houding het verander. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

7.11	Sy het haar kop geskud.	1
7.12	Hy dink hulle ry met 'n viertrekvoertuig/4x4/'four by four'	1
7.13.1	hondjie	1
7.13.2	draadhek	1
7.13.3	arms	1
7.13.4	lyf	1
7.14	die kamer was vol rook.	1
7.15	<ul style="list-style-type: none"> • Lucky wou na foto's van Dukie op Binki se foon kyk. • Binki en Lucky het gestoei om besit van Binki se foon. • Lucky het per ongeluk Binki se mou afgeskeur. • Binki het vir Lucky haar letsels gewys. 	1 1 1 1
7.16.1	<ul style="list-style-type: none"> • Sy was ontsteld. • Sy het begin huil. • Sy het by Kaizer se stal ingehardloop. • Sy het probeer om haar een kaal arm met haar ander arm toe te hou. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.16.2	<ul style="list-style-type: none"> • Sy was skaam vir die letsels. • Sy het gedink dat haar ma/ander vir haar gril. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.17.1	geskok	1
7.17.2	sensitief	1
7.18.1	<ul style="list-style-type: none"> • Dat sy Binki nie die langnaweek gaan kom haal nie. • Dat sy weer die naweek gaan werk. • Dat sy weer te besig is om saam met Binki te kuier. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.18.2	teleurgesteld	1
7.18.3	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het afgeskeep gevoel. • Sy het gevoel dat haar ma nie omgee vir haar nie. • Sy het gevoel dat haar ma haar sleg behandel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
7.19	Lucky	1
7.20	<ul style="list-style-type: none"> • Sabrina het Binki net by die ryskool gaan 'bêre'. • Sabrina het Binki min/party naweke gaan haal. • Sabrina het vir Binki gegril. • Sabrina se vriende was vir haar belangriker as Binki. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

7.21	<ul style="list-style-type: none"> • Binki trek haar bloes uit sodat haar arms kaal is. • Binki hardloop sonder haar bloes. • Binki hardloop met kaal arms. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.22	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Daar is mense/diere by die ryskool wat vir haar omgee. • Wilma het haar gehelp om nie meer bang vir die perde te wees nie. • Lucky het Binki gehelp om nie meer skaam vir haar letsels te wees nie. • Wilma het vir haar 'n plek gegee om te bly/waar sy gelukkig is. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.23	<ul style="list-style-type: none"> • Gestremde kinders het by haar ryskool terapie ontvang. • Die ryskool was vir Binki 'n veilige/gelukkige blyplek. • Lucky het goeie lewenslesse by die ryskool geleer. • Die ryskool het ongelukkige kinders geleer om weer geluk te vind. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
7.24	<ul style="list-style-type: none"> • B • perde kan help om mense te genees. • B perde kan help om mense te genees. <i>(Enige EEN)</i>	1
		[40]
	TOTAAL AFDELING D:	40
	GROOTTOTAAL:	120